

H O O F S T U K I V .

DIE PATROON VAN NATURELLE-ADMINISTRASIE IN DIE

Z.A.R. TOT 1876 :

SPESIAAL AANGEWYSDE PERSONE VIR
NATURELLE-ADMINISTRASIE.

DIE ROL VAN DIE BUYS-BASTERS.

Hoewel die gedagte om in digbevolkte Bantoe-gebiede aparte amptenare te hê vir doeleindes van Naturelle-administrasie eers in 1859 met João Albasini se aanstelling in Zoutpansberg begin ontplooi het, het blankes soos W.C. Harris, dr. A. Smith en Thomas Baines reeds sedert 1830 gebruik gemaak van die Buys-Basters as tussengangers en tolke by die Bantoe.⁽¹⁾

Die Buys-basters is afstammeling van Coenraad de Buijs, 'n agter-kleinseun van 'n Franse Hugenoot wat sedert omstreeks 1782 (toe hy 21 jaar oud was) geleidelik verkaffer het.⁽²⁾ Hy het 'n Hottentotmeid (Maria) vir vrou gehad, was 'n ruk getroud (op Bantoe-wyse) met Ngqika (Gaika) se moeder⁽³⁾ en het ten minste twee ander Bantoe-vroue gehad waarvan een die naam Elizabeth gedra het.⁽⁴⁾ Sedert sy vroeë twintigerjare het Buys by Xhosa- en ander stamme gebly tot 1803. Vanaf 1803 tot 1813 het hy hom probeer rehabiliteer maar nie daarin geslaag nie. In 1813, op 52 jarige ouderdom, verlaat hy die Kaapkolonie om 'n tuiste in die Noorde te soek.⁽⁵⁾ Teen 1821 was hy by die Mmangwato in Noord-Bechuanaland en waarskynlik so ver oos as Blouberg in Noord-wes Transvaal.⁽⁶⁾

(1) Schoeman, A.E. : Coenraad de Buys - The first Transvaler, p.100.

(2) Sy oudste dogter by die Hottentotmeid, Maria, was in 1801, 18 jaar oud. (Schoeman, p.54.)

(3) Schoeman, p.53.

(4) Schoeman, p.83.

(5) Schoeman, p.83.

(6) Schoeman, pp.98-99.

Etlike⁽⁷⁾ van Coenraad de Buijs se kinders het hom op sy trek vergesel, maar waarskynlik net een van sy vrouens - volgens Sarah G. Millin, die Hottentot-meid, Maria.⁽⁸⁾

Die kinders wie se name meeste teëgekom word in die geskiedenis van die Transvaal was Baba,⁽⁹⁾ Doris,⁽¹⁰⁾ Gabriël en Michael.⁽¹¹⁾ Baba was in 1830 tolk by Mzilikazi vir die reisiger W.C. Harris.⁽¹²⁾

Doris, Gabriël en Michael is ook sporadies deur reisigers gebruik as tolke, gidse en tussen-gangers by die Bantoe. Louis Trichardt het die Buysse aangetref in die omgewing van Blouberg naby die Venda-stamhoof Ramabulane (Rossetoe) se stat in 1836.⁽¹³⁾ In sy „Dagboek" word herhaalde kere melding gemaak van Doris en Gabriël Buys. Gabriël is op 11 Mei 1837 deur Trichardt na Lourenco Marques gestuur en het op 6/8/37 eers teruggekeer.⁽¹⁴⁾

(7) Volgens Theal IV p.475 het Buys net twee seuns gehad nl., Gabriël en Michael maar dit is nie korrek nie soos weldra sal blyk.

(8) Millin, p.215. Vgl. Schoeman, p.99.

(9) Kind by Mzilikazi se suster of niggie (Genetica : Nederlandsch Tijdschrift voor Erfelijkheids- en Afstammingsleer, 10e Deel, p.187.) : Millin, p.215.

(10) Kind by Maria (Millin, p.215)

(11) Kinders by 'n Bantoe-vrou (Millin, p.215.)

(12) Genetica, p.187; Schoeman, p.100

(13) Dagboek van Trichardt, p.8; Genetica, p.182.

(14) Ibid, pp.86 en 155 resp.

Doris het by Trichardt gebly, hom op hoogte van sake by die stamhoofde gehou, gejag, getolk en allerlei los take in die kamp verrig.⁽¹⁵⁾

Toe Gabriël in Augustus 1837 terugkeer het Trichardt klaargemaak om verder te trek. Hy het reeds op 24/6/37 aangeteken dat hy „Doors gaarne meede wil hebben om een goede tolk te hebben” en toe hy op die punt staan om te trek het hy Doris dan ook gevra om saam te gaan⁽¹⁶⁾ maar skynbaar het die Buyse verkies om agter te bly want geen verdere melding word van hulle gemaak nie.⁽¹⁷⁾

Uit Trichardt se dagboek leer ons twee dinge omtrent Doris Buys, nl., dat hy moontlik 'n onrusstoker was,⁽¹⁸⁾ dat hy in transe kon uitbars en 'n baie patetiese figuur slaan as hy berispe en gestraf word⁽¹⁹⁾ en tweedens dat die Bantoe hom gevrees het.⁽²⁰⁾

Na Trichardt se vertrek het die Venda sake begin warm maak vir die Buyse en hulle het getrek tot naby die huidige Warmbad en hulle ingegrawe op Buyskop alwaar hulle Matabele-aanslae suksesvol afgeweer het.⁽²¹⁾

In hierdie geweste het Potgieter en sy mense hulle omstreeks 1840 aangetref. Bronkhorst en Potgieter het hulle trouens reeds in Junie 1836 op 'n verkenningstog na die Noorde ontmoet en hulle was dus nie onbekendes nie.⁽²²⁾ Gabriël en Doris is daarna deur Potgieter gebruik as tolke en tussengangers by die Bantoe.⁽²³⁾

(15) Ibid. pp. 12, 61, 70, 74 ens.

(16) Ibid. p.159.

(17) Genetica, p.183.

(18) Dagboek van Louis Trichardt, p.53 en p.105.

(19) Ibid. p.105.

(20) Ibid. p.105.

(21) Genetica, p.188.

(22) Ibid. p.182.

(23) Ibid. p.188.

Doris Buys het Potgieter vergesel na Ohrigstad⁽²⁴⁾ terwyl Gabriël en Michael waaskynlik terug is na Zoutpansberg want hier word hulle 'n paar jaar later weer aangetref.

Net soos Louis Trichardt van die gedagte gehou het om die Buyse te gebruik in verband met Naturellesake, so het Potgieter ook die gedagte voorgestaan. In 1841 skryf hy aan Andries Pretorius: „Nu moet ik UWed. melde dat Buis van Zoutpansberg by my geweest is voor 10 da(gen) en heef my berigt als dat hy Mazelekatze aan de Noorde kant heef uitgevonde, en een gro(o)t gedeelte van Dingaans volk aan de Oost zyde die hy zal aanwyzen..... Ik gevoel dat hy groote nut op onze grenze met de zwarte natien zal zyn, terwyl hy alle tale magtig is.”⁽²⁵⁾

Meer uit 'n kontak- as administratiewe-oogpunt het Potgieter 'n goeie voorstel gemaak: Nie alleen was die Buyse al sedert omtrent 1818⁽²⁶⁾ benoorde die Vaalrivier nie, maar hulle was ingetrou onder verskillende stamme in Transvaal en was die tale magtig.

In 1845 tref ons Doris Buys in Ohrigstad aan waar hy optree as tolk.⁽²⁷⁾ Die volgende jaar klaag Piet van der Westhuizen dat „hy, Buis, zich bemoeiende met die zaken der burgers;....” en word Buys gewaarsku om hom te gedra.⁽²⁸⁾

(24) R. 137.b./48; Voortrekkerargiefstukke, p.308.

(25) R. 84/41 : Brief van Potgieter aan Pretorius, Potchefstroom, 28/8/41; Voortrekkerargiefstukke, p.138.

(26) Schoeman, p.95.

(27) S.A. Argiefstukke, Transvaal No. 1, p.23 : V.R.N., Ohrigstad, 8/10/45, art.1.

(28) Ibid., pp.30-31 : V.R.N., Ohrigstad, 22/1/46, art. 5.

In Mei 1846 verskyn Buys voor die Volksraad en doen verslag van sy besoek aan Sekwati i.v.m., die grond wat Potgieter van Sekwati wou ruil. (Buys was deur Potgieter na Sekwati gestuur).⁽²⁹⁾

In 1846 word Buys deur A.J. de Lange beskuldig dat hy „van onderscheidene capitains" beeste sou verkry het vir Potgieter.⁽³⁰⁾ Vroeg die volgende jaar egter verklaar Buys dat hy „geheel van den voormalige Commt. Potgieter hebben afgezien" en spreek die wens uit om verblyf onder die Lydenburgers op te neem. Die versoek is toegestaan en 'n plaas is aan Buys toegeken wat hy kon bewoon sodra hy veilig geag word deur die Raad. Intussen sou hy die beskerming van die Raad geniet,⁽³¹⁾ maar hy mag nie geweer dra nie.⁽³²⁾

Twee jaar later, in 1849, nadat Buys vir 'n goeie drie jaar in Oos-Transvaal was en goed bekend moes gewees het, besluit die Volksraad om beter gebruik van Buys te maak en word hy „aangesteld als Oppelhoofd over alle de kaffers in so verre onse lemieten gaat, eksep na de kant van Zoutpansberg onbepaald, dat is aan hem gelaaten te gaan zo verre hy kans ziet; overigens blyft hy voor zyne ver-rigtingen verantwoordelijk by die Raad."⁽³³⁾

(29) Ibid., p.50 : V.R.N., Ohrigstad, 15/5/46, art. 1.

(30) S.A. Argiefstukke, Transvaal No. 1, p.58 : Ekstra vergadering deur Landdros opgeroep, Ohrigstad, 10/12/46, art. 6.

(31) Ibid., p.63 : V.R.N., Ohrigstad, 16/3/47, art. 4.

(32) Ibid., p.65 : V.R.N. Ohrigstad, 16/3/47, art. 10.

(33) Ibid., p.93 : V.R.N. Ohrigstad, 7/3/49, art. 5.
Vgl. ad. R. 169a/49 : Publieke Bekendmaking, Ohrigstad, 8/3/49.

Na aanleiding van 'n memorie van Veldkornet P. Nel oor Mabhoho se brutaliteit⁽³⁴⁾ doen „Doris Buys, Captyn van de kaffers" verslag oor verskeie ander stamhoofde soos Sekwati, Malitze e.a., en ontlok van die Raad die volgende kommentaar: „Order der Raad aan Buys dat hy aan geen mensch behoef te steur aan-gaande kaffers en hy hom volgens kaffer wet zal behandel en volgens besluit van de Raad."⁽³⁵⁾

Skaars twee maande later egter besluit die Raad „op zekere gerug tens zicht alhier verspreid wegens gerugten van kaffers, om Doris Buys opteroep present te zyn op Woensdag den 5d. December...."⁽³⁶⁾

Op 6 Desember 1849 het Buys voor die Raad verslag gedoen oor verskeie sake en o.a., geklaag dat W. Neethling aan 'n ander Bantoe sou gesê het „dat hier geen mensch is die Buis tot kapityn kan maken en dat hy niets is. Hy is zoo als de gras en hy staat op een puntje of takkie en hoeft niet te horen wat hy zegt;" Hy het verder vir die ander man gesê: „Komt na myn, ik ben een ryk man en zal u klederen geven; Buis heeft niets en is een kaffer."⁽³⁷⁾ Die saak is uitgestel en in Januarie 1850 is besluit dat Buys in sy pos sal bly tot hy verslag gedoen het van sy werk.⁽³⁸⁾

In Maart 1850 ontvang die Raad 'n brief van die Goewerneur van Mosambiek, J.C. de Andradez, wat Buys aankla van moord op 6 handelskaffers en van diefstal van hulle goedere. Behandeling van die brief is

(34) S.A. Argiefstukke, Transvaal, No. 1, p.103 : V.R.N. Krugerspos, 19/9/49, art. 14.

(35) Ibid., p.105 : V.R.N., Krugerspos, 20/9/49, art. 23a.

(36) Ibid., p.109 : Provisionele sitting te Krugerspos, 29/11/49.

(37) S.A. Argiefstukke, Transvaal No. 1, pp.110-111 : Provisionele sitting, Krugerspos, 6/12/49.

(38) Ibid., p.119 : V.R.N. Potchefstroom, 23/1/50, art. 46.

egter uitgestel daar nog „verscheije klagtes tegen Buis angekoomen is” en T. Joubert word opgedra om „gemelde Buis aan te zeggen hem niet verder te bemoeijen met zyn aanstelling, die door de Volks Raad hem opgedraag is, tot de volgende zitting zyn verantwoord te doen”.⁽³⁹⁾ Die Raad besluit „Dat Doris Buis niet langer zal zyn opperhoofd of Groote Kapityn over allen kaffers, gelyk hy volgens Raadsbesluit van 8 Maart 1849 gemaakt en aangesteld was, maar zal hy van heden af buiten dien betrekking zyn....” Die stamme egter wat hom wou erken kon dit doen maar Buys mog nie aanhangers werf onder die stamme in Portugese gebied nie. „Dit besluit is genomen niet op de beschuldiging tegen Buis dat hy 6 kaffers van Senhor Boda Cassima zoude vermoord hebben, aan welke misdaad hy na verhooren geheel onschuldig bevonder is, maar is hy op eigen aandrang en goedvinden van den Ed. Raad onder den Kommandant gesteld”.⁽⁴⁰⁾

Drie maande later klaag die Portugese goewerneur weer oor Buis en die Volksraad onderneem om hom te vermaan.⁽⁴¹⁾

Potgieter en Trichardt het gemeen die Buyse kon goed gebruik word maar Landdros W.F. Versfeld het gesê: „volgens myn opine als Buis langer in die betrekking blyft, zal het niet ophouden (d.i. die moorde) en de grootste onaangenaamheden zal er door ontstaan, want hy gaat zelfs tot in de Portugeesche gronden om te vorderen....”⁽⁴²⁾ W.H. Neethling, die man teen wie

(39) Ibid., pp.122-123 : Kommissieraadsvergadering, Krugerspos, 6/3/50, art. 2.

(40) S.A. Argiefstukke, Transvaal No. 1, pp.133-134 : Volksraadvergadering, Lydenburg, 24/5/50, art. 35.

(41) Ibid., p.142 : Kommissieraadsvergadering, Ohrigstad, 24/8/50. (Vyfde klagte van Goewerneur van Mosambiek).

(42) Ibid., p.290 : W.F. Versfeld, Krugerspos aan Volksraad, 27/12/49 (V.R. 83/49.)

Buys gekla het, en 17 ander waaronder J.J. Malan en J.M. de Beer (Later Volksraadslede), J. Albasini (later Superintendent) en andere het net voor die sitting van 24 Mei 1850 'n sterk memorie aan die Raad gerig vir Buys se ontslag.⁽⁴³⁾ Buys op sy beurt het gekla oor Johannes Steyn wat hom verkul het,⁽⁴⁴⁾ oor Neethling⁽⁴⁵⁾ en oor sy eie misrabele toestand.⁽⁴⁶⁾

Alles inagnemende het die Raad miskien wys gehandel om hul eksperiment met Buys so spoedig doenlik te beëindig op die wyse waarop hulle dit gedoen het.

Van Doris Buys kon niks verder in die onderhawige verband opgespoor word nie en dit word beweer dat hy voor 1865 te Ohrigstad oorlede is.⁽⁴⁷⁾ (D.w.s., toe hy reeds naby die 80 jaar oud was.)

In teenstelling met Doris Buys wat skynbaar sy aanhang in die Oos-Transvaalse laeveld gehad het en maar arm was, het Gabriël Buys 'n kraal van sy eie gehad in die Zoutpansberge naby Blouberg.⁽⁴⁸⁾ Hy was 8 gewere toegelaat⁽⁴⁹⁾ en was ongetwyfeld diep in die sestig toe hy op 12/12/55 oorlede is.⁽⁵⁰⁾ Behalwe vir private dienste aan Trichardt en Potgieter, was hy nie gebruik i.v.m., Naturellesake nie.

(43) S.A. Argiefstukke, Transvaal No. 1, p.322 :
Memorie van W.H. Neethling en 17 ander, Lydenburg,
21/5/50 aan die Volksraad. (V.R. 114/50.)

(44) Ibid., p.245 : Buys aan Volksraad, Ohrigstad,
11/1/48. (V.R. 39/48.)

(45) Ibid., p.326 : Neethling aan Volksraad,
Treurruvuer, 20/8/50. (V.R. 120/50.) (Buys het
sy saak teen Neethling gewen.)

(46) Ibid., p.250 : Buys aan Volksraad, Ohrigstad
3/2/48.

(47) Genetica, p.190.

(48) S.A. Argiefstukke, Transvaal No. 2, p.473 :
Verslag van Kommandant-generaal P.J. Potgieter
ged. 19/9/53, art. 1 (V.R. 337/53.)

(49) R. 765/55 : Notule van Publieke Byeenkoms,
Zoutpansberg, 19/2/55.

(50) R. 995/56 : Verslag van J.H. Jacobs aan
Kommandant-generaal St. Schoeman ged. 29/2/56.
Die bewering in Genetica (p.190) dat Gabriël
vergiftig is skyn nie korrek te wees in die
lig van hierdie dokument nie.

Michael Buys, sy jonger broer, is in sy plek gekies as Kaptein op 17/12/55 op 'n byeenkoms wat byeengeroep is deur die kommandant.⁽⁵¹⁾

Michael Buys het egter 'n rol op 'n vaster voet as Doris Buys gespeel.

Die Zoutpansbergers het reeds in Februarie 1855 begin om die Naturellekapteins belastingpligtig te maak. Op 27 Februarie 1855 is te Schoemansdal besluit om 38 stamhoofde te belas en dat Michael Buys die opgaaf sou invorder. Ingevorderde belasting in die vorm van beeste, skape, bokke, pikke, tiervelle, olifantstande en koperstawe sou deur ene Anthonie Fick per publieke veiling verkoop word.⁽⁵²⁾ Buys het hierdie taak alleen behartig tot 1859 toe João Albasini met 'n soortgelyke taak belas is uit hoofde van die feit dat die gebied te groot was vir Buys om alleen te hanteer.

In 1863 verskyn Michael Buys voor 'n Kommissie bestaande uit Geyser, Jacobs en La Grange en deel hulle mee dat hy 3 keer opgaaf ingevorder het. Die eerste keer het hy omtrent 200 bokke, 300 pikke, 5 olifantstande en nog 'n klompie bokke en pikke ingevorder. Die tweede keer 200 bokke, 100 skape, 20 pikke en 4 olifantstande. Die derde keer slegs 8 beeste en 10 skape. St. Schoeman het hom toe ontslaan.⁽⁵³⁾

(51) Ibid. Gabriël se seun was nog nie mondig nie en Michael sou vir hom ageer maar op 19/5/59 U.R. 1A : U.R.B. 19/5/59, art. 3.) het Michael nog steeds „ageer” en was tewens beskou as „kafferopperhoof”! Vgl. Genetica, p.190.

(52) R. 774/55 : Besluite van vergadering van St. Schoeman e.a., Zoutpansberg, 27/2/55.

(53) De Vaal Argiefjaarboek, 1953, I, p.64.

Buys se diens is blykbaar as bevredigend beskou deur die kommissie want in 1863 is sy posisie hersien en vyf diensvoorwaardes is neergelê teweete:

1. Buys se 9 Naturelle (skynbaar stamhoofde) moet in sy gebied bly en hom behulpzaam wees met invordering van belasting.
2. Die „Goewermentsvolk" mag deur Buys gebruik word ten opsigte van invordering van belasting.
3. Buys sal aan die Landdros verantwoordelik wees behalwe in krygsake wanneer hy onder die Kommandant en veldkornet sal val.
4. „Roerende waarde, dat is te zeggen Bokken, Schapen, Beesten, enz." moet deur die Landdros verkoop word terwyl „onroerende goederen zoo als ivoor, pikken, enz." deur die Uitvoerende Raad gehaal sal word by Buys self. Geen ander persoon mag hom in Buys se distrik inmeng nie en alle ander kaffersake sou deur die Landdros hanteer word. (54)

In 1864 word Michael Buys se naam enkel genoem i.v.m. die aanval wat hy en 'n ene Tromp op Davhana gemaak het. (55) Teen hierdie tyd was Michael, wat voor 1803 gebore (56) is, reeds 'n ou man en met die aanstellings van Albasini, Vercueil en later St. Schoeman is dit te begrype dat hy onooglopend van die toneel sou verdwyn. (57)

(54) R. 302/63 : „Regulation en Conditien agtervolgens welke Michaël Buis Capitein by deze door den Hoog Edele Uitv. Raad der Zuid-Afrikaansche Republiek, aangesteld en geauthoriseerd wordt, opgaven van kaffer hoofden voor Rekening van het Gouvernement der Zuid-A. Republiek in te vorderen" - Gouvernementskantoor, Zoutpansberg, ged. 11/4/63.

(55) De Vaal, Argiefjaarboek, 1953, I, p.75

(56) Schoeman, p.80.

(57) Volgens „Short History of the Native Tribes of the Transvaal" wat in 1905 verskyn het, was 'n Michael (Miguel) toe kaptein van die Buys-volk maar in alle waarskynlikheid nie die ou Michael nie.

Doris en Michael Buys kan beskou word as voorlopers van 'n gedagte van spesiaal-aangewysde amptenare om Naturellesake te hanteer. Waar Doris egter op losse voet gehandel het en slegs een jaar lank sy aanstelling behou het, het Michael Buys op 'n vaster voet en meer tot bevrediging van die owerhede hom van sy taak gekwyd want klagte teen hom kon nie opgespoor word nie - behalwe by Albasini wat ontevrede was dat Buys en Tromp vir Davhana aangeval het. (58)

Die werksaamhede van spesiale amptenare vir Naturellesake sal gerieflikheidshalwe behandel word in die milieu van hul werksaamhede aangesien daar in hoofsaak drie gebiede was waarin Naturelle-moeilikhede voorgekom het om administrasie meer pertinent was as elders, tewete Oos-Transvaal, Noord-Transvaal en Wes-Transvaal.

(58) R. 316/64 : Albasini aan Vercueil, Goedewensch, 3/6/64.



JOÃO ALBASINI

DIE SUPERINTENDENT-GEDAGTE IN ZOUTPANSBERG.(1) JOÃO ALBASINI⁽⁵⁹⁾

João Albasini was 'n fabelagtige Portugees wat in 1859 aangestel is as „Superintendent van Kafferstammen”.⁽⁶⁰⁾ 'n Paar grepe uit Albasini se vroeëre lewe is noodsaaklik ten einde die man en sy optrede in Zoutpansberg te begryp - en miskien te wwardder.

Albasini kom in 1831 uit Lissabon na Lourenco Marques as handelaar onder die Bantoe. Sy moed, deursettings- en aanpassingsvermoë en neiging tot die avontuurlike het hom spoedig beroemd gemaak onder die Bantoe tot so vër as die oostelike laeveld van Transvaal.

Weldra het Albasini soos 'n ryk landheer begin lewe en al meer en meer Naturelle om hom saamgetrek - 'n feit wat maklik te begrype is as in aanmerking geneem word die onderlinge verdeeldheid, twis en oorlog wat onder die Bantoe van daardie tydvak geheers het. In ruil vir die beskerming wat hy verleen het, het Albasini diens verlang - diens in die handel en diens in die jagveld. Sy „volgelinge” behorende meesal tot die Shangaan-Tsonga Bantoe, het hom as kaptein erken onder die naam „Sewawa”.⁽⁶¹⁾

In 1845, na die koms van Potgieter na Oos-Transvaal, is Albasini na Makashulaskraal; in 1850 is hy na Lydenburg en in 1853 verhuis hy na die dorpie Zoutpansberg wat van 1855 as as

(59) Volledige lewensskets deur Dr. J.B. de Vaal gepubliseer in die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1953, I.

(60) De Vaal, t.a.p. p.64.

(61) Theal, IV, p.476. Vgl. De Vaal I, p.11.

Schoemansdal bekend sou staan. Hy het hom sowat 30 myl oos van die dorpie gevestig (met die grootste deel van sy aanhang) op die plaas Goedewensch wat metterjare ook sy hoofkwartier geword het.


Die Zoutpansbergers het in 1855 begin om die Bantoe belastingpligtig te maak en om in hierdie verband ander amptenare as die distriksamptenare te gebruik. Op 27 Februarie 1855 is te Schoemansdal besluit om 38 kapteins te belas, en is, soos ons gesien het, Michael Buys aangestel as belastinggaarder.⁽⁶²⁾ Die gebied wat egter as Zoutpansberg bekend was, was te groot vir Buys alleen en op 'n Uitvoerende Raadsitting gehou op 9/6/59 te Schoemansdal het Stephanus Schoeman vir Albasini ook aangestel as opgaafinvorderaar of „Superintendent van Kafferstammen”.⁽⁶³⁾ Op hierdie stadium was Albasini reeds deur die Goewerneur van Mosambique aan die President voorgestel as vice-konsul van Portugal⁽⁶⁴⁾ en het die Uitvoerende Raad reeds besluit gehad „om de kaalkaffers..... onder het opzicht te stellen van den Heer J. Albasini den veldcornet der Spelonken en zyne provisie aan wie gelast wordt over deze kaffers een naauwkeurig oog te houden.....” Wanneer nodig moet hy ter plaatse ondersoek instel en elke 2

(62) R. 774/55 : Besluite van vergadering van St. Schoeman e.a., Zoutpansberg, 27/2/55.

(63) De Vaal : Argiefjaarboek, 1953, 1, p.64.

(64) R. 2969/59 : Albasini aan President, Schoemansdal, 19/7/59.

ALBASINI SE GEBIED 1859-66



maande verslag doen aan die Kommandant-generaal.⁽⁶⁵⁾ Albasini se wyk sou strek oos, noord-oos en suid-oos van Schoemansdal, noord-ooswaarts tot aan die Limpopo en suid-ooswaarts tot by Modjadji.

Die vernaamste stamhoofde wat in Albasini se gebied gewoon het was: Modjadji in die laeveld, Lwamondo ongeveer 10 myl oos van Goedewensch, Mashau ongeveer 6 myl suid-oos van Goedewensch, Mphaphuli aan die Luvuvhurivier, Tshivhase en Madzivhandila in Zoutpansberg, Rambuda en Thengwe in die berge noord van die eerste reeks, Maghoro, Nthabalala en ander minderes.⁽⁶⁶⁾

Wat Albasini se instruksies was weet ons nie meer nie - die dokumente asmede die notule van die Uitvoerende Raadsvergadering waarop Albasini aangestel is, bestaan nie meer nie. Dat hy skriftelike instruksies gehad het kan geen twyfel lei nie want nie alleen het hy hom later daarop beroep nie maar in 'n vroeëre stuk word gemeld dat die Kommandant-generaal hom van instruksies sal voorsien.⁽⁶⁷⁾ Dit word egter afgelei dat sy magte omtrent dieselfde was as die van 'n veldkornet in vredestryd.⁽⁶⁸⁾

Maar wat ookal sy instruksies, Albasini se werksaamhede val hoofsaaklik in twee katagorieë, naamlik (a) die invordering van belastinge en (b) verslag (en soms optrede) ten opsigte van algemene toestande onder die Bantoe. Soms het die twee sake verband gehou maar meesal nie en Albasini se werksaamhede sal volgens hierdie indeling beter nagegaan

(65) U.R. 1A. U.R.B. Schoemansdal, 26/5/59, art. 5.

(66) De Vaal, Argiefjaarboek, 1953, I, p.65.

(67) Sien U.R. 1A. U.R.B. Schoemansdal, 26/5/59, art. 5. Hierdie instruksies is deur Stephanus Schoeman onder datum 9/6/59 aan hom gegee. R. 4243/61 Landdros N.J. Grobler, ged. 4/2/61 aan fungerende President.

(68) De Vaal, Argiefjaarboek, 1953, I, p.65.

kan word.

Opgaaf-invordering was vir die Republiek 'n belangrike saak want die regering was arm en die lansomstandighede temidde van al die Bantoestamme maar moeilik. Albasini het dus in hierdie verband 'n groot taak gehad - miskien 'n onmoontlike taak as dit nie was vir sy „Knopneuskaffers" en ander aanhangers (soos Muzila en sy volgelinge) nie. Deur middel van hierdie Naturelle het Albasini opgaaf by die krale ingevorder en dinge tewete gekom wat andersins moeilik uitgevind sou kon word.

Albasini het 'n boek wat hy sy „journaal" of „opgaafboek" genoem het daarop nagehou waarin hy van tyd tot tyd aangeteken het wat hy by die verskillende stamhoofde uitgerig het. Hierbenewens moes hy gereeld amptelik verslag doen.⁽⁶⁹⁾ Albasini se belastingopgawes was sistematies en duidelik en was getitel: „Verslag van kaffers Opgaven ontvangen voor rekening van het Gouvernement der Z.A.R., door João Albasini, Superintendent van Kaffers Stammen van tot.....ingesloten".⁽⁷⁰⁾ In die aangehaalde stuk, gedateer 8/4/63 tot 6/2/64, het Albasini £65 vir vir homself gehou - blykbaar as vergoeding vir sy dienste.

In gevalle van stamhoofde wat onwillig was om opgaaf te betaal het Albasini hom op hoër gesag

(69) U.R. 1A. U.R.B. Schoemansdal, 26/5/59, art. 5.
Vgl. R. 370/66 : art. 8 van Albasini se instruksies.

(70) R. 51/64 : J. Albasini, Goedewensch, distr.
Zoutpansberg, 6/2/64.

beroep vir spesifieke instruksies. Soms het hy met die kommandant en die veldkornet se hulp opgetree maar meesal het hy en sy Knopneuse die onwillige kaptein aangeval, gestraf en die buit vir opgaaf gebruik. Die Knopneuse was bekend as „Gouvernementsvolk" en was vry van belasting. Daarbenewens kon hulle in die buit deel.⁽⁷¹⁾

Vee wat vir opgaafdoeleindes ontvang is, is op Goedewensch gehou en te gelegenertyd per veiling verkoop. Van sulke vendusies het Albasini eweneens verslag gedoen.⁽⁷²⁾ In gevalle waar hy laat was met sy opgawes van belastings geën, het hy die Uitvoerende Raad daarvan verwittig.⁽⁷³⁾

Lank het dit nie goed gegaan nie. Kommandant Frederick Geyser het op 6/11/61 'n vergadering te Rhenosterpoort belê en daar is besluit dat alle opgaaf ten behoeve van die distrik aangewend moes word. Landdros Vercueil moes Albasini aanskryf om die opgaaf in sy besit nie te laat uitgaan nie.⁽⁷⁴⁾ As gevolg van onaangenaamhede wat gevolg het - want Albasini het tereg beweër dat die besluit ultra vires is - het Albasini sy ontslag gevra in 1862. Stephanus Schoeman het hom egter oorreed om aan te bly.⁽⁷⁵⁾ Landdros Vercueil en sy heemrade besluit toe om self opgaaf in te vorder en Albasini van sy pos te onthef⁽⁷⁶⁾ maar is oor sy optrede na Pretoria ontbied voor daar

(71) R. 1215/65 : Geyser aan President en U.R., Zoutpansberg, 15/11/65.

(72) U.R. 1B, U.R.B. : 23/11/64, art. 15. By hierdie geleentheid het die U.R. genoeë geneem met Albasini se ywer.

(73) R. 563/65 : Albasini aan U.R. ged. 11/5/65.

(74) R. 392/62 : Verslag van fungerende S.S. aan fungerende President, 18/11/62.

(75) De Vaal, Argiefjaarboek, 1953, I, p.68.

(76) R. 210/64 : F.H. Geyser aan J. Albasini, Z.P.Berg ged. 14/4/64.

iets van kon kom en Albasini is in kennis gestel dat hy geen opgaaf mag afgee sonder 'n lasbrief van die President nie. (77)

In Junie 1864 was daar weer moeilikheid. Albasini het geklaag dat Michael Buys en Tromp met 'n kommando na Davhana, een van sy opgaafkapteins is om hom aan te val. Vercueil het effe brutaal geantwoord dat „kafferzaken behooren tot de ambten van Commandant en Veldcornets maar in alle geval is het zeer goed dat kaffers hunne twisten en commandos onder elkander uitwerken mits er geen nadeel voor de blanke bevolking kan ontstaan.” (78)

Blykbaar was Albasini reg want in dieselfde maand kon hy aan die Uitvoerende Raad rapporteer dat al sy werk om die kaffers tevrede te maak en opgaaf te laat betaal verydel is „en diezelfde wantrouw weder onder de gezd. kaffers stammen is herschapen”. (79)

Gedurende die eerste twee jaar van die superintendentskap het dit egter met die belastinginvordering self goed gegaan. In Mei 1861 egter moes Albasini rapporteer dat Modjadjji en van die kleiner stamhoofde onwillig geword het om te betaal. Die Kommandant van die distrik is eweneens van die toedrag van sake in kennis gestel. Albasini se opdrag uit Pretoria was om na goeddunke te handel in samewerking

(77) De Vaal, t.a.p., pp.68-69.

(78) R. 316/64 : Albasini aan Vercueil, ged. Goedewensch, 3/6/64, en Vercueil aan Albasini, ged. 9/6/64.

(79) R. 328/64 : Albasini aan U.R., Goedewensch, 9/6/64.

met die kommandant.⁽⁸⁰⁾

Op 'n ander geleentheid in September 1863 is 'n strafkommando teen Rambuda en andere gestuur onder kommandant Geyser om opgaaf wat nie betaal is nie, in te vorder. By hierdie geleentheid het Albasini en 2,000 van sy Knopneuse deelgeneem aan die veldtog.⁽⁸¹⁾ By verskeie ander geleenthede het Albasini van oorlogmaatreëls gebruik moes maak om opgaaf wat uitstaande was te in.⁽⁸²⁾

Veel interessanter egter as Albasini se pligte in verband met opgaaf was sy werksaamhede om die algemene toestande onder en gevoelens van die Bantoe in sowel Noord- as Noord-oos Transvaal agter te kom.

„Volgens instrucie en orders van den WelEd. Gestrg. Heer S. Schoeman, Commandant Generaal, gedateerd de 9de Juny 1859 bin ik verplicht om bekend te maaken alle bewegingen en toebereidselen tot oorlog, van kaffers stammen en volgens dat Instructie maak ik UEd. bekend dat.....”⁽⁸³⁾ So, maar in 'n veel breër sin het Albasini hom van sy taak gekwyd: „Alles wat ik bekend worden en zal worden, reporteer ik.....”⁽⁸⁴⁾ was nie alleen sy woorde nie maar ook sy diensleuse.

Geen doel kan gedien word om elke verslag te behandel nie daar almal min of meer dieselfde strekking en inhoud gehad het, naamlik vyandigheid

(80) R. 4903/61 : Albasini aan fungerende President, Goedewensch, 11/5/61.

(81) De Vaal, Argiefjaarboek, 1953, I, p.72.

(82) Vgl. R. 540/65 : Albasini aan Komdt. Venter ged. 5/5/65.

(83) R. 4243/61 : Landdros Grobler, Schoemansdal, 4/2/61 aan f. President St. Schoeman : aanhaling uit afskrif van 'n brief van Albasini.

(84) R. 4322/61 : Albasini aan F. President ged. Goedewensch, 29/3/61.

teen die Republiek, samerotting met die doel om die burgers aan te val, vyandigheid en samerotting onderling en uitsonderlike gevalle van aanvalle op klein groepies jagers of handelaars.

Kronologiesegeneem het Albasini verslag gedoen oor Muhlengapuma se voorgenome aanval; Lecieka en Hlaniki se samerotting; die einde van die stryd tussen Muzila en Munene; Tshivhase se voorneme om Muzila aan te val; die algemene toestande by Modjadji, Rambuda en Lwamondo; Munene se aanspraak op opperhoofskap; Michael Buys en Tromp se agressie teen een van sy kapteins; oor die verwydering van Munene; op-roerigheid van Madadzhe; moeilikheid by Makakabula; Munene se onheilstokery by Tshivhase; Lwamondo se openlike rebellie; Rambuda en Mphaphuli se vreedsaamheid; Madzivhandila en Modjadji se versoek om vrede; Tshivhase se weiering om vrede te maak en vredesvoorstelle van Makhado. (85)

Sedert die begin van die sestigerjare het die Naturellestamme al hoe meer opstandig en moeilik geraak en teen April 1865 was toestande so haglik dat Albasini op Goedewensch laer getrek en vol moed aan kommandant Venter laat weet het dat hy sal doen wat hy kan om Zoutpansberg te red. (86)

(85) R. 4322/60, (29/3/61); R. 4243/61, (4/2/61); R. 74/62, (25/1/62); R. 170/62, (15/3/62); S.A. Argiefstukke, Transvaal, No. 4, p.535 : Verslag van Albasini, Zoutpansberg, 10/4/63. R. 183/64, (25/5/64); R. 328/64, (9/6/64); R. 593/64, (18/8/64); R. 833/64, (21/9/64); R. 900/64, (14/10/64); R. 485/65, (24/4/65); R. 325/66, (13/3/66); R. 393/66, (6/4/66); respektiewelik.

(86) R. 493/65 : Albasini aan S.M. Venter, ged. 25/4/65.

In Julie 1857 het hy rapporteer dat Schoemansdal na 20 jaar nou weer in die hande van die Bantoe is en kos, klere en ammunisie gevra vir die 27 siele wat hy in sy skans versorg. Nogeens sê hy dat hy sal probeer om die distrik te red.⁽⁸⁷⁾

In al die moeilike jare voor en na die ontruiming van Zoutpansberg was Albasini op sy pos en het hy die regering op hoogte van sake gehou, samewerking belowe, gegee en gevra en gereëld sy verslae ingestuur.⁽⁸⁸⁾

Benewens genoemde verslae het Albasini ook gerapporteer oor onwettige handelaars onder die Naturelle⁽⁸⁹⁾ gewere onder hulle⁽⁹⁰⁾ en daarop gewys (in die laaste jare voor die ontruiming) dat blankes gewere in die hande van die Naturelle laat val⁽⁹¹⁾ en dat die algemene doen en late van amptenare te Schoemansdal verwarring gebring het.⁽⁹²⁾

In 1866 het Albasini goedkeuring gevra vir sy optrede as superintendent en die Uitvoerende Raad het so 'n goedkeuring verleen en aan hom geskryf dat die Uitvoerenderaadsbesluit aan hom gestuur sal word.⁽⁹³⁾ 'n Paar maande later, in Julie 1866, het hy sy ontslag gevra as superintendent omdat, na hy beweer het, hy

(87) R. 752/67 : Albasini aan President, ged. 20/7/67.

(88) Vgl. R. 493/65 ged. 25/4/65; R. 528/65 ged. 2/5/65; R. 553/65 ged. 7/5/65; R. 1355/65, ged. 23/12/65; R. 325/66 ged. 13/3/66; R. 395/66 ged. 6/4/66.

(89) R. 902/64 : Albasini aan U.R. ged. 14/10/64.

(90) R. 901/64 : Albasini aan U.R. ged. 14/10/64.

(91) R. 540/65 : Albasini aan Komdt. Venter, Goedewensch, 5/5/65; R. 553/65; Albasini aan Komdt. Venter, Goedewensch, 7/5/65.

(92) R. 528/65 : Albasini aan U.R., 2/5/65.

(93) U.R. 2, U.R.B. ged. 25/5/66, art. 41.

alles doen vir die land en geen hulp van regerings-
weë kry nie. (94)

Op 30 April 1868 het Albasini ontvangs
erken van die President se brief van 10/4/68 waarin
sy ontslag aan hom verleen is. (95)

-
- (94) R. 677/66 : Albasini aan U.R., ged. 9/7/66.
Op 23/1/62 het hy ook sy ontslag gevra vanweë
sy pligte as vice-konsul. (R. 61/62 Albasini
aan f. President, 23/1/62.) maar dié is nie
toegestaan nie.
- (95) R. 607/68 : Albasini aan President, ged.
30/4/68.

(2) JAN VERCUEIL EN ABRAHAM DUVENAGE.

Jan Vercueil en Abraham Duvenage was ou ingesetenes van Schoemansdal wat altwee ander betrekkinge in die landsadministrasie beklee het in 1866 ten tye van die Tweede Kommissie (M.W. Pretorius, Paul Kruger, Prinsloo, Meintjies en Steyn) se besoek aan Zoutpansberg. Vercueil was toe Landdros en Duvenage was 'n veldkornet (In 1855 het hy ook 'n ruk as landdros waargeneem)⁽⁹⁶⁾ wie se bedanking nie aanvaar kon word nie, juis uit hoofde van die ernstige landstoestande.⁽⁹⁷⁾

Een van die resultate van die Kommissie se besoek aan Zoutpansberg was dat Albasini op 5 Januarie 1866 twee mede-superintendente in gemelde twee persone bygekry het. Duvenage se gebied het vanaf Sandrivier tot waar dit in die Krokodilrivier loop, weswaarts gestrek terwyl Vercueil s'n oos van Sandrivier tot aan Albasini se grense was. Behalwe as superintendent van Naturellestamme is Duvenage ook as Vrederegter en Vercueil as Weesheer aangestel.⁽⁹⁸⁾

Vercueil het sy eerste verslag op 24/1/66 ingestuur⁽⁹⁹⁾ en daarna op dieselfde trant as in die geval van Albasini van tyd tot tyd verslae ingestuur

(96) R. 827/55 : Landdros A. Duvenage aan St. Schoeman, Zoutpansberg, 1/6/55.

(97) U.R. 2, U.R.B. 5/4/65, art. 117.

(98) Van Jaarsveld, p.294; De Vaal, Argiefjaarboek, 1953, I, p.88.

(99) R. 67/66 : J. Vercueil aan President ged. 24/1/66.

oor allerlei aangeleenthede rakende die stamme.⁽¹⁰⁰⁾ Belastinggaarding was tydelik gestaak op las van die President⁽¹⁰¹⁾ en daar was vir Vercueil in sy gebied nie veel te doen behalwe om 'n wakende oog te hou en op hoogte van sake te bly nie.

Duvenage het op 22/1/66 sy eerste verslag ingestuur en gemeld dat al die stamhoofde in sy gebied weer bereid is om opgaaf te betaal behalwe Makabula.⁽¹⁰²⁾

Op 3 Februarie 1866 skryf hy aan die landdros dat hy sieklik en onbekwaam vir die werk is en teken die brief as „Vrederegter, Veldcornet en Superintendent van Kaffers”.⁽¹⁰³⁾ 'n Maand later vra die Landdros hom hoe die gees onder die Naturelle is. Hy antwoord: „wat de gees is weet ik niet maar zoo als het my schynt is de gees alhier ingeheel gunstig.....” Hy teken as Vrederegter en Van Nispen, die landdros, roskam hom omdat hy as Vrederegter antwoord wanneer aan hom geskryf word in sy hoedanigheid as Superintendent van Naturelle.⁽¹⁰⁴⁾

Nieteenstaande en ten spyte van sy herhaalde bedankings (wat nie aanvaar is nie)⁽¹⁰⁵⁾ het Duvenage ook gereeld gerapporteer oor wat aangaan onder die stamme en by besondere stamhoofde,⁽¹⁰⁶⁾

(100) Vgl. R. 167/66 ged. 9/2/66; R. 276/66 ged. 28/2/66; R. 287/66 ged. 1/3/66; R. 342/66 ged. 20/3/66; R. 406/66 ged. 9/4/66, ens.

(101) U.R. 2. U.R.B. ged. 5/4/65, art. 117.

(102) R. 64/66 Duvenage aan U.R. en President ged. 22/1/66.

(103) R. 133/66 : Duvenage aan Landdros, ged. 3/2/66.

(104) R. 329/66 : Duvenage aan Landdros, ged. 15/3/66.


(105) Van Jaarsveld, p. 294; de Vaal, Argiefjaarboek, 1953, I, p.94; R. 570/66 ged. 6/6/66.

(106) Vgl. R. 64/66 ged. 22/1/66; R. 412/66 ged. 12/4/66; R. 106/67; R. 1378/68 ged. 16/11/68; R. 118/69 ged. 19/2/69; U.R. 3, U.R.B. ged. 15/3/69, arts. 1, 2 en 3.

Tipies van Duvenage is dat hy na 9/4/68 toe die Superintendente afgeskaf is, nog voortgegaan het om verslae in te stuur onder sy ou titel van Superintendent en dat die Uitvoerende Raad dit so deurgelaat en selfs daarop reageer het! So byvoorbeeld klaag hy op 7/5/68 omdat Stephanus Schoeman, die diplomaticke agent, hom sekere dinge belet het. (107) Duvenage (en ene Piet du Preez) was aangesê om Schoeman te help maar het geen titel na 9/4/68 gehad nie. Ewenwel, al drie laasgenoemde persone is op 27/10/69 uit hul poste ontslaan omdat hulle geen nuttige doel meer gedien het nie. (108)

(107) U.R. 2, U.R.B. ged. 9/6/68, art. 35.
Vgl. datums hierbo by (106).

(108) U.R. 3, U.R.B. ged. 27/10/69, art. 21(a).



STEPHANUS SCHOEMAN

DIPLOMATIEKE AGENTE:(1) STEPHANUS SCHOEMAN IN ZOUTPANSBERG.

Die feti dat Schoemansdal in 1867 ontruim moes word het nie beteken dat die regering die saak daar sou laat nie. Tewens nog in dieselfde jaar is aktiewe stappe geneem om die gebied te herower en weer vrede onder die Bantoe te bring. Die hoofrede egter waarom daar haastig opgetree moes word was dat daar iemand in Zoutpansberg moes wees met wie Muzila, die Shangaan-kaptein wat in 1866 by Albasini geskuil en in dieselfde jaar terug is na Portugees Oos-Afrika, terug verwag is in Zoutpansberg met die doel om die blankes te help om die vrede te herstel in die gebied. Onderhandelinge wou egter gevoer moes word met Muzila en die regering wou 'n spesiale persoon vir hierdie doel - en om vrede te maak - aanstel. (109)

Die keuse het geval op die veelbewoë figuur van Stephanus Schoeman, die man wat in 1855 in Piet Potgieter se plek tot Kommandant-generaal gekies was (110) en wat in 1861 fungerende President van die Z.A.R. geword het tydens M.W. Pretorius se afwesigheid - 'n stormagtige persoon met lange jare van diens en kennis.

„De Uitvoerende Raad besluit den Heer St. Schoeman te benoemen en aan te stellen onder nadere te vervaardigen instructie om met Opperhoofd Muziela het land van vijanden te zuiverene en alles

(109) Vgl. De Vaal, Argiefjaarboek, 1953, I, p.112.

(110) R. 765/55 : Notule van Publieke byeenkoms, Zoutpansberg, 19/2/55.

in rust en veiligheid te brengen zullende den Heer A. Duvenage den Heer Schoeman worden toegevoegd om ZEd. behulpzaam te zijn...."(111) Die tweede dag daarna, op 9/4/68 tydens die bespreking van sy instruksies is gemeld dat hy „onder den titel van Diplomatieke Agent" aangestel word, en dat hy met Muzila se hulp vrede in Zoutpansberg moes bewerkstellig. Hy moes die kommando's lei, woonplek aanwys vir die verslane stamme en vir Muzila (as beloning). Voorts moes hy Albasini in vrede los hoewel laasgenoemde hom nie met Naturellesake moes bemoei nie.(112) Op 13 April het Schoeman voor die Uitvoerende Raad verskyn en gevra vir A. Duvenage en Piet du Preez as mede-lede. So goedgekeur.(113)

Trou aan sy instruksie om iedere kaptein wat geweier het om opgaaf te betaal met geweld daartoe te dwing het Schoeman 'n onderkaptein van Modjadji aangeval en 215 beeste en 189 skape en bokke gebuit - na hierdie aanval het Modjadji ook haar belasting betaal.(114) Maar dit is omtrent die enigste sukses wat Schoeman gehad het want kort na sy aankoms het hy Albasini gelas om sy Knopneuse vir die duur van die veldtog aan hom onderhorig te maak - 'n onmoontlike versoek om te rig aan 'n man wat 'n paar duisend Naturelle as persoonlike onderdane het!

(111) U.R. 2; U.R.B., 7/4/68, art. 4.

(112) U.R. 2; U.R.B., 9/4/68, art. 1.

(113) U.R. 2; U.R.B., 13/4/68, art. 10.

(114) De Vaal, Argiefjaarboek, 1953, I, p.107.

Schoeman het toe ook met allerlei ander dinge besig geraak. Eerstens het hy vir hom 'n „sekretaris" aangestel⁽¹¹⁵⁾ in die persoon van C.F. von Ludwig en toe probeer geld vind vir sy salaris by die regering. Toe hulle weier het hy hulle beskuldig van obstruksie in die uitoefening van sy pligte.⁽¹¹⁶⁾

Verder het hy 'n reeks klagtes op tou gesit teen Albasini⁽¹¹⁷⁾ en selfs die regering so ver gekry om 'n saak teen Albasini te maak.⁽¹¹⁸⁾ Selfs teen sy helper, A. Duvenage, het hy klagtes ingestuur.⁽¹¹⁹⁾

Vroeg die volgende jaar (1869) is 'n lang verslag van Schoeman onder oë geneem deur die Uitvoerende Raad. Hulle kommentaar oor 'n paar van die sake moes vir Schoeman 'n skok gewees het want onder andere het die Uitvoerende Raad afgekeur dat hy kruit en lood aan die Naturelle gee; hom kwalik geneem dat hy nie onwettige handelaars aan die regs-amptenare uitgelewe; het nie en ten slotte spyt uitgespreek dat hy na 10 maande nog niks uitgerig het nie en hom daarop gewys dat hy Muzila behoort te sê dat Pretorius en nie hy wat Schoeman is, die grootkaptein van die blankes is nie.⁽¹²⁰⁾

(115) R. 753/68 : S.J.P. Kruger aan President, Macallacal, 23/6/68.

(116) U.R. 2, U.R.B. ged. 14/8/68, art. 31 en R. 1638/68, S. Schoeman aan President ged. 26 en 30/10/68.

(117) R. 753/68, S. Schoeman aan Kommandant-generaal Kruger, ged. 11/6/68. R. 1577/68 ged. 22/6/68; R. 744/68 ged. 24/6/68.

(118) U.R. 2, U.R.B. ged. 7/7/68, art. 1. Die Staatsprokureur het in 1871 gesê dat „de geheele zaak uit personaliteit is voortgevloeid" - R. 1084/71 ged. 7/9/71.

(119) R. 744/68 ged. 24/6/68.

(120) U.R. 3, U.R.B., ged. 17/3/69, art. 11.

Laasgenoemde opmerking was eintlik 'n boemerang want die vorige jaar het Schoeman die president laat kom om vir die Naturelle te sê dat Schoeman en nie Albasini nie, nou oor hulle aangestel is. (121)

Die Raad het ook beswaar gemaak dat Carl von Ludwig vir Schoeman ageer en dat hy nooit melding maak van sy mede-lede nie. (122)

Muzila se rapportgangers het intussen opgedaag maar Schoeman was blykbaar nie opgewasse om met hulle te onderhandel nie en in die hoofdoel van sy aanstelling het hy totaal gefaai. (123)

In Junie 1869 skryf Schoeman aan die President dat hy hoor dat Albasini teen hom klaag en hy vra afskrifte van die dokumente. Voorts deel hy die President mee hoeveel hy al vir land en volk gedoen het en betreur dit dat hy nou so „teëgewerk” word. (124)

Skaars 'n maand later moes die Uitvoerende Raad agterkom uit die bedankingsbrief van B.J. Vorster, die nuwe mede-lid van Schoeman, dat Muzila terug is na sy land en dat Schoeman se pligte nou beëindig is. So besluit die Raad „daar 't uit alle voorgelegde stukken blykt, dat het aan den Diplomatieke Agent niet gelukt is, in het district Zoutpansberg rust, vrede, en orde te herstellen met en onder de naturelle

(121) U.R. 2, U.R.B., ged. 7/7/68, art. 1;
R. 926/68 Vergadering van M.W. Pretorius
gehou op 21/7/68.

(122) U.R. 3, U.R.B. 19/3/69, art. 20 (Duvenage
en Du Preez is in April 1869 vervang met
Vorster en Oosthuizen - De Vaal,
Argiefjaarboek, 1953, I, p.121).

(123) Vgl. R. 1627/68 : „Voorlopig Rapport van
Mozela”; R. 1588/68 : Verklaring ged.
7/12/68; R. 1514/69 : Notule van byeenkoms
ged. 7/4/69; U.R. 3. Memorandum gehou te
Pretoria op 23/4/69.

(124) R. 739/69 : S. Schoeman aan President ged.
23/6/69.

124.

stammen, aan den WelEd: Gestrengen Heer St. Schoeman als Diplomatieken Agent en aan de WelEd. Heeren B.J. Vorster en M.J. Oosthuizen⁽¹²⁵⁾ als mede-Commissie leden voorlopig ontslag te verleen en uit hunne betrekking behoudens verantwoording en verslag."⁽¹²⁶⁾

--ooOoo--

(125) A. Duvenage is in die loop van die jaar deur Marthinus Oosthuizen vervang.

(126) U.R. 3; U.R.B. ged. 26/10/69, art. 21(a).

(2) JAN DE BEER IN LYDENBURG.

In die Lydenburg-gebied is in dieselfde tydvak met 'n spesiaal-aangestelde amptenaar geëksperimenteer. In hierdie geval is 'n ou inwoner met jare ervaring onder die Bantoe vir die werk aangewys.

In Julie 1864 het die volgende goewerments-kennisgewing in die Staatskoerant verskyn:- „Het heeft Zyn HoogEd. den President van den Uitvoerenden Raad der Zuid-Afrikaansche Republiek behaagd, den Wel.Ed. Heer J.M. de Beer aan te stellen tot Diplomatieken-Agent der omliggende Kaffers in het District Lydenburg, en word bekend gemaakt, dat Zyn Ed. als zoodanig den ambts-eed heeft afgelegd - Pretoria 12/7/64.”(127)

Jan de Beer moes in 1847 reeds 'n veldkornet gewees het want sy eerste skriftelike verslag as veldkornet dek die jare 1847 tot 1854. Uit hierdie verslag skyn dit dat selfs as veldkornet hy spesiaal gebruik was in verband met Naturellesake want hy meld dat die Volksraad hom in 1847 na Mswazi gestuur het om klagtes teen sendelinge te ondersoek; dat Landdros W.F. Versfeld hom in 1849 gestuur het om opgaaf by stamhoof Somcuba te gaan invorder; dat Landdros J.C. de Clercq hom in 1850 gestuur het om 'n klagte van Somcuba teen Mswazi te ondersoek; dat Kommandant-Generaal W.F. Joubert hom in 1853 in dieselfde verband uitgestuur het en dat hy in November 1853 gestuur

(127) Staats Courant No. 58 ged. 19/7/64
(G.K. No. 42 van 1864). Ook in Staats
Courant No. 53, ged. 14/6/64.

is deur die Krygsraad om met Somcuba te onderhandel oor skadevergoeding. Voorts word melding gemaak van sy opgaaf wat hy ingevorder het en van werksvolk wat hy aan boere voorsien het.⁽¹²⁸⁾

In 1860 het De Beer lid van die Volksraad geword⁽¹²⁹⁾ en in 1864 het hy sy nuwe benaming gekry met skynbaar dieselfde taak as sy tyd- en ampsgenoot, Albasini, in Zoutpansberg.

Kronologies het J.M. de Beer verslag gedoen oor beeste wat hy van Mswazi (vir belastingdoeleindes) gekry en verkoop het;⁽¹³⁰⁾ oor Mswazi se dood en die tweespalt in die nasie;⁽¹³¹⁾ oor Mbilini en Sekhukhune;⁽¹³²⁾ oor Baviaan⁽¹³³⁾ en oor die algemene gevoel wat daar onder blank en Bantoe geheers het toe sy aanstelling bekend gemaak is. „Umzwas (was) verblijft dat U.Ed. een mann aangestelt heef voor de Kaffers-natie, en is hij genegen alles te doen wat U.W.Ed. en de Wet van hem verlangt." Sekhukhune het egter laat weet dat hy nie onder De Beer wil staan nie⁽¹³⁴⁾ en onder die blankes was daar ook ontevredenheid oor Mbilini se regentskap.⁽¹³⁵⁾

-
- (128) R. 713/54 : Verslag van Veldkornet J.M. de Beer, ged. Sterkspruit, 6/11/54.
- (129) Staats Courant No. 20 ged. 10/8/60 : Gouvernements Bekendmaking No. 11.
- (130) R. 670/64 : De Beer aan U.R. ged. Sterkspruit, 22/8/64.
- (131) R. 815/65 : De Beer aan U.R. ged. Sterkspruit, 16/7/65.
- (132) R. 1096/65 : De Beer aan U.R. ged. Sterkspruit, 28/9/65.
- (133) R. 469/66 : De Beer aan President en Kommandant-generaal, ged. Sterkspruit, 3/5/66.
- (134) R. 672/64 : De Beer aan President en Kommandant-generaal, ged. Sterkspruit, 29/8/64.
- (135) R. 469/66 : De Beer aan President en Kommandant-generaal, ged. Sterkspruit, 16/3/66.

Jan de Beer het onder vaste instruksies gewerk⁽¹³⁶⁾ en het dit soms vermeld in sy verslae soos byvoorbeeld, „Daar ik volgens mijne Instructie art. 1, 2 en 6 verpligt was ingevolge de ontstuimigheid.....“⁽¹³⁷⁾ Elders word vermeld dat art. 8 van sy instruksies gelui het: „De Diplomatieken agent heef het bestuer over de omliggende Kafferstammen, enz. enz.“⁽¹³⁸⁾

Soms egter was sy instruksies nie voldoende nie en moes hy advies vra soos in die geval toe Mswazi wat 'n wetsgehoorsame kaptein was, klagte teen sekere blankes gehad het. De Beer se vraag was hoévér sy jurisdiksie strek ten opsigte van sake tussen Blank en Bantoe.⁽¹³⁹⁾

De Beer het skynbaar 'n Duitser gehad wat sy verslae vir hom geskryf het en hoewel hy nooit daarvan melding gemaak het nie verraaai woorde soos mann, angestelt, bis dato, bis dat de, Hochedle, so gleich, iedoch, ens. hierdie feit,⁽¹⁴⁰⁾

Waar de Beer as veldkornet skynbaar sonder murmurering gewerk het, het hy as Diplomatieke agent nie so gelukkig gevoel nie. Enkele maande na sy aanstelling het hy aan die President geskryf: „so versoek ik u Weledle het toch goed te overwegen wat

(136) Kon nie gevind word nie.

(137) R. 469/66 : De Beer, Landdros Potgieter en Kommandant Coetser aan President en Kommandant-generaal, ged. 2/5/66. Brief No. 390.

(138) R. 469/66 : De Beer aan President en Kommandant-generaal ged. 16/3/66.

(139) R. 671/64 : De Beer aan U.R. ged. Sterkspruit, 29/8/64.

(140) Vgl. R. 815/65 ged. 16/7/65; R. 1096/65 ged. 28/9/65. R. 672/64 ged. 29/8/64.

voor gevaarden onze land bedriegen en is het mij wensch, toch niet langer van een kaffer afhankelijk te zijn....."(141)

Teen die einde van 1866 vra hy sy ontslag „ten stelligste" want as amptenaar kry hy geen salaris nie en nie eers sy onkoste word vergoed nie. Hy het egter met 'n blye hart gedien ter bevordering van die welvaart van land en volk en sou graag van enige klagtes teen hom kennis wou dra. (142)

In November 1866 is Jan de Beer toe eervol sy ontslag gegee en geen verdere aanstellings is voorlopig in die gebied oorweeg nie. (143)

(141) R. 672/64 : De Beer aan President en Kommandant-generaal, Sterkspruit ged. 29/8/64.

(142) R. 1040/55 : De Beer aan President en U. R. Sterkspruit, ged. 10/10/66.
'n Potlood nota op die stuk lui:
„Geef ontslag onder bedanken voor gedane dienste. Kosteloos want geen vrymoedigheid te dwingen."

(143) Staats Courant, Byvoegsel 176, ged. 21/11/66.

(3) THEODOR DOMS IN WES-TRANSVAAL.

Die eksperimente met superintendente en diplomatieke agente in Zoutpansberg en Lydenburg het almal binne die tydvak 1859-1869 geval. Die eksperiment met Theodor Doms het nie alleen buite hierdie tydvak geval nie maar was 'n heel besondere en interessante geval - miskien vanweë die posisie op die Suid-westelike grens van die Z.A.R. Die grens was, wat die Republiek betref het, 'n uitgemaakte saak, maar daar was botsende belange van Rolong, Thlaping, Koranners, Grikwas en andere wat die gebied gedurig onder die aandag van die Kaapse regering, die Britse regering en die Republiek gehou het.

Theodor Doms se naam word die eerste keer in 1871 teëgekom toe hy in 'n proklamasie van die Rolong en Thlaping beskryf is as die verteenwoordiger van dié stamme met die titel, Diplomatieke Agent. Die proklamasie is deur George Staples, privaat-sekretaris van die Diplomatieke Agent aan William Best, die landdros op Christiana gestuur. (144)

In 'n ander stuk gedateer 20/8/1875 beweer Doms dat hy in 1869 al deur die opperhoofde van die Thlaping en ander stamhoofde as hul verteenwoordiger aangestel is en deur die Britse Hoë Kommissaris, Luitenant-goewerneur en die regering van die Z.A.R. erken is. (145) 'n Uitvoerende Raadsbesluit vroeër dieselfde jaar erken sy aanstelling deur Gasebone maar gee geen datums nie. (146)

(144) R. 47/71 : W. Best aan President, ged. Christiana 7/1/71.

(145) R. 1752/75 : Verslag van Theo Doms, Christiana, 20/8/75.

(146) U.R. 5; U.R.B. ged. 24/3/75, art. 75 : (Theodor Doms) is "aangesteld door Botlasilse Gasibone als zijn Land Commissaris".

Doms was blykbaar 'n avonturier met genoeg kennis en aanleg om betrekkings soos die van agent of verteenwoordiger te bekom. Nie alleen was hy Nederlands en Engels goed magtig nie (Vgl. sy korrespondensie) maar hy het hom ook gewaag aan geskrewe Tswana. (Wes-Sotho!)⁽¹⁴⁷⁾

Doms het blykbaar vir David Arnot in 1869 opgevolg as raadgewer of agent by die Thlaping⁽¹⁴⁸⁾ en toe die guns van President Burgers gewen of hom oortuig dat dit 'n uitstekende reëling sal wees as hy (Doms) in sy hoedanigheid as Agent van die Thlaping ook Diplomatieke agent van die Republiek kan wees.

Theodor Doms is derhalwe op 22 Maart 1874 deur President Burgers provisionaal aangestel onder „zekere instructien (geheim) die aan hom gegee en overhandigd zyn." Hy het die gewone ampseed afgela met 'n byvoeging dat hy sweer om sy instruksies geheim te hou⁽¹⁴⁹⁾ en in 1875 doen hy verslag by die regering van die Z.A.R. oor verskillende sake rakende die verhoudings tussen die stamme in sy gebied en teken die stuk as „Agent der Z.A.R. onder de Batlapins".⁽¹⁵⁰⁾ In September van dieselfde jaar (1875) vaardig hy op versoek van die Grootkaptein van die Thlaping 'n protes uit teen die inlywing van sekere Thlaping-gronde by Grikwaland-Wes⁽¹⁵¹⁾ en die volgende dag stuur hy aan die President besonderhede waaroor hy beskik vir gebruik op die voorgestelde konferensie oor die grens tussen die Z.A.R. en Griekwaland-Wes.⁽¹⁵²⁾

(147) R. 1969 : Doms aan S.S., Christiana, 29/7/76.

(148) R. 335/64 bevat 'n raadsbesluit van die Thlaping gedateer, Taung, 11/6/64 waarvolgens Arnot aangestel word as, sekretaris, agent en verteenwoordiger. Mahura en sy Raad het die aanstelling gemaak.

(149) R. 3270/80 - Stuk geteken deur President Burgers en gedateer 22/3/74.

(150) R. 1913/75 : Verslag ged. Christiana, 7/9/75.

(151) R. 1914/75 : Doms aan S.S., ged. Christiana, 9/9/75.

(152) R. 1915/75 : Doms aan President, ged. Christiana 10/9/75.

Hierdie keer skryf hy in Engels. Die dag daarop skryf hy weer aan die President en vra wat sy salaris gaan wees en waarom hy nie die Staatskoerant ontvang nie. (153)

Vroeg in 1876 antwoord hy op 'n skrywe van die Uitvoerende Raad en sê dit spyt hom dat sy saak nou eers voor die Raad gaan kom. Hy dien al twee jaar sonder salaris en is deur die President persoonlik aangestel. In dieselfde brief rapporteer hy oor Gasebone, Maklawaan en oor Johannes Links wat met sy Koranners oor die Hartsrivier na Bloemhof getrek het. (154)

'n Paar dae later doen hy verder verslag oor Johannes Links en sê sy mense molesteer die Boere by Bloemhof. Ook oor die moeilikhede tussen Gasebone en Matlabani doen hy verslag en meld dat die kaffers „laer af” ontevrede is oor Boere wat die gebied intrek en plase neem. (155) In Julie 1876 doen hy 'n heel besondere ding deur aan die Staatssekretaris 'n „Becoana” (Tswana) vertaling van die Republiek se Kafferwet te stuur! (156)

In Oktober skryf Preller en De Villiers ('n prokureursfirma in Pretoria) namens Doms aan die President waarin hulle sê „dat Theo. Doms niet bedankt heeft als Commissaris, maar wel als Agent der Z.A.R. onder de Batlapins”. 'n Potloodnota op hierdie brief verduidelik nogal heelwat. Dit lui: „Hy was nooit commissaris en zyne aanstelling als agent was maar provisioneel en is nooit gewettigd. Hy heeft echter voor speciale werk van de Regering ontvangen volgens Uitvoerende Raadsbesluit £150. De gelden hem door

(153) R. 1916/75 : Doms aan sn. President, ged. Christiana, 11/9/75.

(154) R. 486/76 : Doms aan S.S., ged. Christiana, 4/3/76.

(155) R. 525/76 : Doms aan S.S. ged. Christiana, 11/3/76.

(156) R. 1969/76 : Doms aan S.S. ged. Christiana, 29/7/76; Vgl. Staats Courant No. 638 (Vol. 19) 1876.

Best toegekend of gegeven moet hy terug betalen." (157)

Theodor Doms het die brief ontvang waarin hy £150 aangebied is maar was blykbaar nie tevrede nie. Hy het daarop gewys dat hy op 22 Maart 1874 deur President Burgers skriftelik benoem is tot agent onder die Thlapin en dat hy die ampseed voor staats-prokureur J. Buchanan afgelê het en nog steeds in diens is. Waarnemende President Piet Joubert het hom op 'n later datum te Mamusa ontmoet en in teenwoordigheid van landdros W. Best en andere 'n salaris van £250 per jaar toegesê. Voorts sê hy dat sy naam sedert 1875 op die lys van amptenare wat die Staatskoerant ontvang verskyn en dat hy sy volle salaris wil hê. (158)

Uit 'n ander stuk blyk dit dat Genl. Piet Joubert sy belofte in Junie 1875 te Mamusa gemaak het en dat Preller en De Villiers hom nooit geantwoord het nie. Hy meld verder dat indien hy nie aangestel word nie hy so kennis gegee kan word en dat as die regering hom voor die hof wil daag hulle dit gerus kan doen want dan „zal ik ook verplicht wezen de geheime (secret) instructien aan myn overhandigd aan hem toe te zenden, niet tegenstaande mynen Eed tot het geheim houding daarvan." (159)

Hierdie skrywe van Doms het blykbaar tot gevolg gehad dat die Uitvoerende Raad bietjie moes

(157) R. 2586/76 : Preller en De Villiers aan President en U.R. ged. Pretoria, 2/10/76. Op 16/8/76 het Doms sy eervolle ontslag (en sy geld) gevra. (R. 3270/80 (Band 446 p.161) : Doms aan S.S. ged. 16/8/76)

(158) R. 3270/80 : Theo. Doms aan President en U.R. ged. 16/6/76.

(159) R. 2997/76 : Theo. Doms aan President en U.R. ongedateerd.

kopkrap. Skynbaar is Doms toe ook aangestel as „Landkommissaris" om sy gevoelens te kalmeer - die aanstelling is ongelukkig nie gedateer sodat die presiese kronologiese plek bepaal kan word nie.⁽¹⁶⁰⁾

Later doen Doms nog steeds onder die titel van Diplomatieke Agent verslag oor inwendige moeilikhede onder die Naturelle en maak 'n voorstel vir 'n grenswag wat hy noem die „Christiana Frontier Rifles" om die suid-westelike grens te beskerm.⁽¹⁶¹⁾ Die volgende dag doen hy weer navraag oor sy salaris⁽¹⁶²⁾ - maar bloot in 'n formele trant en dien 'n paar dae later 'n meer volledige voorstel in oor sy „Christiana Frontier Rifles", „De bedoeling van het Corps is om wacht te houden en de grenzen te beschermen van die Zuid Westelyke Frontier, en tragten om vrede te bewaren tusschen de Naturelle stammen en de burgers van het district - het zal verder dienen ter handhaving van de Wet en bescherming van Commissarissen onder de Naturellen".⁽¹⁶³⁾

Kort na hierdie verslag dien hy weer een in en vermeld die voorgename sitting van die Landkommissie

(160) Dit is egter saam met ander 1876-stukke in die 1880 Band (Band 446) in die Argief geberg en sterk hierdie vermoede. R. 3270/80 (p. in Band 446).

(161) R. 2789/76 : Doms aan S.S., ged. Christiana, 13/10/76.

(162) R. 2790/76 : Doms aan S.S., ged. Christiana, 14/10/76. Potloodnota op dokumente lui: „de Regering kan niet aan het eens genomen besluit verandering maken".

(163) R. 2867/76 : Doms aan S.S., ged. Christiana, 18/10/76.

se sitting op Christiana, sy voorgestelde korps en vestig die aandag op 'n goewermentskennisgewing van die Koloniale Sekretaris, Lord Kimberley (No. 178 van 1876 gedateer 13/9/76) oor sekere gronde in sy gebied.⁽¹⁶⁴⁾ 'n Week later dien hy weer 'n verslag in en lyk angstig dat die Kommissie moet kom om die grondsake finaal te reël.⁽¹⁶⁵⁾

Op 3 Maart 1877 maak Doms melding van 20 erwe in Christiana wat die President hom geskenk het en vra of die Registrateur van Aktes nou die saak kan finaliseer. Doms teken nie die brief as Diplomatieke Agent nie.⁽¹⁶⁶⁾ 'n Drie weke later skryf hy weer aan die President oor sekere eise van die Thlaping wat deur die Spesiale Kommissie per abuis oor die hoof gesien is en spreek die hoop uit dat die saak sal regkom. Ook hierdie is 'n brief in sy private hoedanigheid.⁽¹⁶⁷⁾

Doms het dus gedurende die laaste twee maande van 1876 of gedurende die eerste twee maande van 1877 afgesien van sy pos as diplomatieke agent onder die Thlaping.

(164) R. 2868/76 : Doms aan S.S., ged. Christiana, 20/10/76.

(165) R. 2996/76 : Doms aan S.S., ged. Christiana, 26/10/76.

(166) R. 964/77 : Doms aan President ged. 3/3/77.

(167) R. 1155/77 : Doms aan President ged. 27/3/77.